Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 23, Nr 2, 1993. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BOOK REVIEWS

## SOUTH AFRICAN MILITARY BUILDINGS PHOTOGRAPHED; AN HISTORICAL HERITAGE

Paul Alberts
1992
The Gallery Press, Cape Town
125 pages
Geïllustreerd

Inleidend vind die leser 'n kort biografiese oorsig oor die samesteller en titels van sy vorige publikasies. Die voorwoord is gelewer deur J.M.R. de Kock, voorsitter van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Soos blyk uit die voorwoord is die doel met hierdie publikasie die bevordering van die bewaring van Suid-Afrika se militêre argitektoniese nalatenskap.Hierdie is 'n tydige publikasie gesien teen die feit dat die Suid-Afrikaanse Weermag weens ekonomiese redes moet afstand doen van sommige van sy eiendom wat geskiedkundige persele insluit (byvoorbeeld Fort Klapperkop).

Soos die titel aandui bevat hierdie publikasie juis foto's van militêre geboue verteenwoordigend van verskeie tydperke in die land se militêre geskiedenis. Die inhoudsopgawe agterin dui aan dat die publikasie alfabeties georden is volgens die name van die geboue. Dit vergemaklik die proses van naslaan aansienlik.

Die publikasie bevat talle foto's waarvan sommige geboue vanuit verskillende hoeke fotografies toegelig word. Alhoewel die visuele aspek goed verteenwoordig word, ontbreek daar beskrywende inligting by die meeste foto's. Dit laat die leser wat nie vertroud is met die uitleg van die geboue wonder watter deel van die gebou nou eintlik vertoon word. Ook geen aanduiding van die datum waarop die verskillende foto's geneem is, word gegee nie.

Elke gebou wat gefotografeer is, word vergesel van 'n bondige historiese oorsig. Behalwe vir die verwysing na J.J. Oberholster se *The Historical Monuments of South Africa* (1972) gee die samesteller ongelukkig nie 'n aanduiding van die bronne of instansies waar hy sy inligting en foto's gevind het nie. Vir die leser wat dalk meer oor sekere aspekte (kultuur-histories, geskiedkundig, argitektonies) van die geboue sou wou weet, ontbreek voldoende bibliografiese verwysings.

Ter afsluiting word melding gemaak van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se missie asook 'n algemene oorsig oor wetgewing en nasionale monumente.

*Mej A. van der Westhuizen, Direktoraat Dokumentasiediens SAW, Privaatsak X289, Pretoria 0001.*

## A COUNTRY AT WAR, 1939-1945; THE MOOD OF A NATION.

Jennifer Crwys-Williams.
1992.
Ashanti Publishers, Johannesburg.
430 pages
Illustrated
R84.OO

"A Country at War" is the tenth release in the South Africans at War series which is published under the Ashanti label. The book is an account of the attitudes and conditions which characterised South Africa as a nation during the Second World War. A quick glance at the contents pages will reveal that the publication covers a wide variety of aspects concerning South Africa's involvement in the conflict. The book comes in a hardcover edition and is illustrated with plenty of photographs, many of which have not been used in previous publications, as well as reproductions of the posters that were printed by the Union Government for recruitment, security and other war effort purposes. The book is ordered in a chronological fashion and runs from 1938 through to the end of the war in 1945. The writer, Jennifer Cryws-Williams, is a freelance journalist and broadcaster. Cryws-Williams has written three previous books and is the editor of numerous other publications.